Stella straat

Eksodus 3:1-15

"Soos 'n verre vuur"

Tuis-Adoramus 30 Augustus 2020

– geskryf deur Anton Pienaar

Tema: "Soos 'n verre vuur"

Teks: Eksodus 3:1-15

Liewe Adoramusvriende,

Ons nooi jou om tyd opsy te sit om hierdie tuis-adoramus alleen of saam met ander te doen.

Berei net eers voor om die musiek wat hier voorgestel word, te kan luister wanneer jy daar kom.

Groete,

Willem, Anton, Tienie en Fay

As daar 'n verhaal is wat aan alle gelowiges behoort, is dit die verhaal van Moses en die brandende braambos – en die gesprek wat daar tussen hom en God plaasgevind het.

Dit is die begin van dié bevrydingsverhaal wat die basis sou vorm van baie mense en groepe en volke se eie verlossingsverhale.

Vir vandag se Adoramus moet ons eers die hele gedeelte (verse 1-15) lees en daaroor dink. Kom ons visualiseer die gebeure in die verhaal en dink daaroor. Moses se onsekerheid. Die heiligheid van die oomblik. Die Here se onderneming om verlossing te gee. Om meer as verlossing te gee.

Kom ons luister nou na die pragtige *Prayer,* musiek uit Rossini se opera *Moses in Egipte*.

https://www.youtube.com/watch?v=GOd6PSWxEkY

Lees nou weer die verhaal soos dit in Eksodus 3:1-15 opgeteken is.

Miskien is dit nou die regte tyd om Sheila Cussons se gedig *Karmeliet in haar sel* te lees. Die onweerstaanbaarheid is soos 'n verre vuur, o heilige geweld ….

Jy moeder-aard jy is nie fyn
maar bruut en slu
en moeilik is dit om soos
die salm teen die stu-
wal op te vin, teen die stroom
in, maar iets du
my boontoe weg van jou
én dit lók my én ek gru.
O maar dit lók my
soos 'n verre vuur
en o ek kóm, heilige geweld
teen my natuur

Watter oomblik van Moses se ervaring daar by die brandende braambos is die een wat jy sou wou ervaar?

Hoe sou 'n brandende braambos-ervaring in hierdie tyd lyk en ervaar word?

Met die gedagte van dat Ek is (God) nie vir my sigbaar is nie, maar naby my is, kom ons word stil net daar waar ons is. Enige-iets tussen 8-10 minute lank.

Ons sluit ons Adoramus af deur aktief te luister na die *Exodus Song* soos gesing deur Pat Boone.

https://www.youtube.com/watch?v=TdT_0teZW_c